

Kruisiging - Opstanding en wat nou?

Luk 24:13-35

Luk 24:32 (1983)

Vrydag 9 April 2021

32 “Hulle sê toe vir mekaar: “Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?”

Verlede Vrydag, het ons Goeie Vrydag gevier, die kruisiging van ons Here Jesus Christus en Sondag die wonderlike opstanding van ons Here Jesus Christus.

Die vraag is: Wat nou?

Wat beteken ...

- die kruisiging van Jesus Christus vandag vir jou?
- die opstanding van Jesus Christus vandag vir jou?

Christus se opstanding uit die dood is die grootste wonder van alle tye.

Wat onmoontlik geblyk het, het werklik gebeur. En dit is bevestig deur baie oog-getuies. Die vroue het dit gesien, Petrus en Johannes het dit gesien. Die Emmausgangers het dit gesien. Jesus het aan die 11 dissipels verskyn. Jesus het aan meer as 500 mense tegelyk verskyn.

In ons Skrifgedeelte lees ons van die twee Emmausgangers wat Jesus nie net gesien het nie, maar ook met Hom gepraat het en Hy het Homself aan hulle openbaar. Maar hulle gesigte was gesluit, hulle het Jesus nie herken nie, hulle het nie geweet dit is Jesus wat aan hulle verskyn het nie.

Toe begin Jesus om al die Skrifgedeeltes, veral uit die Ou Testament wat op Hom betrekking het te verduidelik. Sekerlik was dit al die tekste wat van Jesus profeteer en daar is baie in die Ou Testament. Ek noem 'n paar by.

Gen 3:15 **Moederbelofte** *"Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt."*

Ex 12:13 **Die bloedteken** aan die deurkossyne in Egipte.

Num 24:17 **Bileam se vierde uitspraak.** Daar kom 'n ster uit Jakob.

Ps 22:2 **Jesus se vierde kruiswoord:** *"My God, my God, waarom het U my verlaat..."*

Jes 7:14 **Die belofte van die Maagd Maria** reeds in Jesaja. *"Die Here sal daarom self vir julle 'n teken gee: 'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem."*

Miga 5:2 **Die belofte dat die Messias in Betlehem** gebore sal word.

Die Emmausgangers, dit is twee dissipels van Jesus Christus, nie twee van die twaalf nie, maar twee ander was op pad na die dorpie Emmaus toe na die Opstanding. Hulle het met mekaar gepraat en gewonder wat dit alles beteken.

Jesus se kruisiging en opstanding beteken vir my dat Jesus die dood oorwin het. Die dood het nie meer 'n oorwinning nie. Ons word deur die krag van die opstanding ook opgewek tot 'n nuwe lewe. Jesus se opstanding is vir ons 'n betroubare waarborg van ons opstanding.

Ons leef nou en sal tot in ewigheid leef, saam met ons Here Jesus Christus!

(Ds Gerrit Kruger Gereformeerde Kerk Centurion. Sel 082 964 5595)